16 Nov

Uitgawe 2011/11/16

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir gebedsinligting, besoek www.jwipn.com, www.global24-7.org en www.globalprayerwatch.org

Herlewing

En Joas het gedoen wat reg was in die oë van die HERE, al sy dae waarin die priester Jójada hom onderrig het. Net die hoogtes is nie afgeskaf nie; die volk het nog geoffer en op die hoogtes rook laat opgaan. (**2 Kon.12:2-3**). Joas het 'n goeie getuienis gehad, maar hy het nie die hoogtes afgeskaf nie. Hy was 'n leier/instrukteur, maar het nie die beste vir die volk gedoen nie sodat hulle nog steeds getrou aan God kon bly. Is daar hoë plekke in jou lewe? Is daar dalk een area in jou lewe waar jy bereid is om toegewings te maak terwyl die ander areas ten volle aan God onderworpe is? ***Hemelse Vader, openbaar asseblief wat in my hart is. Help my om elke hoë plek in my lewe prys te gee om U naam ontwil en vir U koninkryk.***

Deurbraak: Zimbabwe

'n $430 miljoen fonds wat die kinders en swanger vroue van Zimbabwe sal voorsien van gratis mediese sorg by publieke hospitale was bekend gestel met die hulp van die *EU* en *UNICEF*. Die gesondheidstelsel van Zimbabwe het in duie gestort na jare se ekonomiese krisis en sal oor die volgende vyf jaar $436 miljoen benodig om die stelsel op te knap veral kraamsorg. Die geld sal medisyne en basiese toerusting voorsien aan klinieke en hospitale regoor die land. Oor die laaste paar jaar is Zimbabwe geteister met die herhaaldelike uitbarstings van diarree en cholera en talle het gesterf. (Webruimte: http://business.iafrica.com/worldnews/760822.html, 01/11/11). ***Prys die Here vir die deurbraak in die area van mediese sorg in Zimbabwe. Bid dat alle fondse slegs vir mediese sorg gebruik sal word. Prys die Here vir die lewens wat gered en genees sal word.***

Bid vir jou gemeenskap: Eksamen

Talle studente en leerlinge in Suid-Afrika is tans besig om hulself voor te berei of is reeds besig om hul finale eksamen vir die jaar te voltooi. ***Hou asseblief aan om vir hulle te bid – dat hulle God se vrede sal ervaar en gesonde verstand sal hê terwyl hulle studeer en voorberei vir vraestelle. Bid teen pogings van selfmoord en enige plan van die vyand om studente leed aan te doen. Bid vir studente wat onder moeilike omstandighede moet studeer, bv. geweld in die huis, dalk naby 'n smokkelhuis woonagtig, ens.***

Suid-Afrika: Mensehandel

Die wetgewing van die beskerming van persone teen mensehandel (Prevention & Combating in Trafficking of Person's Bill (TIP)) is nog nie goedgekeur nie. Ten spyte van die Departement van Binnelandse Sake se teenkanting van die klousule wat uitlanders betref – sowat twee maande gelede – is geen ontmoeting met Buitelandse sake gereel om dit uit te stryk nie. Dit wil voorkom asof hierdie wet nie prioriteit geniet nie, omdat daar slegs 60 sake van mensehandel in Suid-Afrika in die laaste jaar voorgekom het. Daar is baie versperrings wat hierdie wetgewing kniehalter. (E-pos: enaidoo@familypolicyinstitute.com, 09/11/11). ***Bid asseblief dat geregtigheid sal geskied met die wetgewing van hierdie wet. Bid dat elke werk van duisternis geopenbaar sal word sodat reg en geregtigheid kan geskied.***

Internasionaal: No.3 & 4 op Lys van Vervolgers

No.3 – Afghanistan: Die Afghan regering het sy vervolging van gelowiges uit 'n Moslemagtergrond verskerp. Weinig van die bevolking van 28 miljoen is Christene. Afghaanse gelowiges word nie deur die hoofsaaklik Moslemgemeenskap aanvaar nie, en wetgewing is nie duidelik oor die godsdienstige regte van Christene nie. Afghaanse Christene gaan steeds gebuk onder vervolging en geweld, selfs deur hulle families en vriende. In 'n unieke situasie in die geskiedenis van die land, is daar nou 'n openbare debat om Afghane toe te laat om Christene te wees en regte te hê. No.4 – Saoedi-Arabië: Die meeste Christene in Saoedi-Arabië is buitelanders wat tydelik in die land woon en werk. Die meerderheid kom van die Filippyne. Godsdiensvryheid bestaan nie in hierdie hartland van Islam waar die burgers slegs toegelaat word om in een godsdiens te glo nie. Daar word geen voorsiening gemaak vir die beskerming, wetlik of andersins, van nie-Mosleminwoners nie. Die regstelsel is gebaseer op Islamitiese wette (Sjaria). (Webruimte: http://www.opendoorsusa.org/). ***Bid dat God hom oor die kerk in Afghanistan sal ontferm. Bid asseblief steeds vir diegene wat in Afghanistan vir hulle geloof in Christus vervolg word, dat hulle getrou sal bly en geestelik sal groei en geleenthede sal hê om te getuig van God se liefde, veral teenoor Moslems. Saoedi-Arabië: Bid dat Christene baie geleenthede sal kry om te kan getuig en die evangelie te verkondig, veral teenoor die geheime polisie en regeringsamptenare. Vra dat hulle getrou, vrymoedig en vreesloos sal bly ten spyte van die moeilike omstandighede.***